HOËRSKOOL OOSTERLIG

SW - AARDRYKSKUNDE

GRAAD 9

VAKONDERWYSER: MEV. C. BOTHA / MEV. S. HERMAN | OPDRAG 6

DATUM GEGEE: DONDERDAG 16 JULIE 2020 | PUNTETOTAAL: 15 punte

INHANDIGINGSDATUM: DONDERDAG 23 JULIE 2020

NAAM EN VAN: _____ GRAAD 9: _____

VAKONDERWYSER: MEV. C. BOTHA / MEV. S. HERMAN (OMKRING JOU ONNIE!)

INSTRUKSIES:

1. Jy moet asb alle antwoorde op hierdie opdrag invul, geen ander papier van jou eie nie.
2. Skryf asb netjies en duidelik leesbaar, anders mag dit dalk jou punt negatief beïnvloed as ek nie kan lees wat jy skryf nie.
3. Hierdie opdrag moet as 'n hardekopie ingegee word, hou asb by die inhandigingsdatum.
4. *SKRYF ALLE ANTWOORDE ASB OP DIE ANTWOORDBLAD NEER!*

VRAAG 1

Kies die korrekte stelling wat pas by die woord. Skryf *slegs* die LETTER langs die vraagnommer neer op die antwoordblad.

1.1 Erosie is.....
- a) die proses waardeur rots, grond en hulle minerale afgebreek word op die plek waar hulle is
- b) die proses waardeur die landoppervlakte afgebreek word na seevlak
- c) die proses waar geërodeerde stowwe, gewoonlik deur water, wind of ys neergelê word

1.2 Verwering is.....
- a) die proses waar die grond deur 'n rivier neer gelaat word
- b) die proses waar groot klippe en rotse op die bodem van die kanaal rol
- c) die proses waardeur rots, grond en hulle minerale afgebreek word op die plek waar hulle is

1.3 Afsetting is.....
- a) die proses waar geërodeerde stowwe, gewoonlik deur water, wind of ys neergelê word
- b) die proses waar die buitewal geërodeer word en 'n rivierkrans ontstaan
- c) die proses waardeur rots, grond en hulle minerale afgebreek word op die plek waar hulle is

1.4 Fisiese verwering het twee hoofsoorte naamlik:
- a) chemiese en biologiese
- b) ontvriesing, uitsetting en inkrimping
- c) karbonering en ontvriesing

1.5 Biologiese verwering kan veroorsaak word deur:
- a) suurreën, bewegende ys en see
- b) wind, lopende water, ys wat beweeg en see
- c) diere, plante, mense soos boere, insekte soos miere en onkruid

1.6 Vloedvlakte is.....
- a) die breë gelyke gebied weerskante van 'n rivier
- b) waar lopende water die hellings uit die grond uitsny
- c) 'n skerp kronkel wat van die hoofrivier afgesny is

1.7 Die doel van verwering is.....
- a) landvorme te skep
- b) grond te vorm
- c) grond af te breek na seevlak

1.8 Sediment is.....
- a) die hele area wat deur 'n rivier en sy sytakrivier dreineer word
- b) afsettingsverskynsel by die mond van 'n rivier
- c) die neerlating van vaste stowwe wat deur 'n rivier vervoer word

1.9 'n Ravyn is.....
- a) 'n smal vallei tussen heuwels of berge met steil rotswande
- b) 'n vertikale krans waaroor water vloei
- c) sirkelvormige versakkings wat deur malende water gemaak word

1.10 'n Delta is 'n.....
- a) draai in 'n rivier
- b) driehoekige gebied van neergelegde sediment aan die monding van 'n rivier
- c) 'n klein rivier wat in 'n ander rivier invloei

(VRAAG 1 = 10)

VRAAG 2

Pas kolom A by B. Skryf slegs die LETTER by die nommer op die antwoordblad bv. 2.1 A.

	KOLOM A		KOLOM B
2.1	Hoefystermeer	A	
2.2	Meander	B	
2.3	Puinwaaier	C	
2.4	Gevlegte rivier	D	
2.5	Boloop	E	

(VRAAG 2 = 5) [TOTAAL =15]

ANTWOORDBLAD

VRAAG 1: Skryf *slegs* die LETTER langs die vraagnommer neer op die antwoordblad.

VRAAG MOMMER	ANTWOORD
1.1	
1.2	
1.3	
1.4	
1.5	
1.6	
1.7	
1.8	
1.9	
1.10	

(VRAAG 1 = 10) ☐

VRAAG 2: Skryf *slegs* die LETTER langs die vraagnommer neer op die antwoordblad.

VRAAG MOMMER	ANTWOORD
2.1	
2.2	
2.3	
2.4	
2.5	

(VRAAG 2 = 5) ☐

[TOTAAL = 15]